



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die stelling ONWAAR is.

1.1.1 In die Christelike tradisie word die verskynsel van die Opstanding geïnterpreteer as die einde van die Nuwe Skepping. (4)

1.1.2 Vir die Islamitiese gelowige bestaan die samelewing uit drie dimensies, naamlik die lewende mense, die lewende dooies en dié wat nog gebore moet word. (4)

1.1.3 Die heilige boek van Judaïsme word die Kitáb-i-Aqdas genoem. (4)

1.1.4 Die Hindoebegrip van tyd is siklies. (4)

1.1.5 In Boeddhisme is die Opperwese bo fisiese beskrywing verhewe en word daar na hom verwys met 'n wye reeks titels wat sy heilige eienskappe beskryf. (4)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Elke item kan slegs EEN maal gebruik word. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Na aanleiding van die model van die Heilige Drie-eenheid, moet die mensdom 'n verhouding van wedersydse respek en liefde hê. | A | tradisionele Hindoeïsme |
| | | B | Tora |
| 1.2.2 | Die hoof- gesaghebbende liggaam is in Haifa, Israel. | C | Islam |
| | | D | Baha'i |
| 1.2.3 | Alhoewel daar verskillende paaie na God is, is die behoorlike uitvoering van huishoudelike en tempelrituele verpligtend vir almal. | E | Christendom |
| | | F | mite |
| 1.2.4 | Godsdienstige stories waarin diep waarhede oor die lewe ontbloot word. | G | Koran |
| 1.2.5 | Twee groepe het as gevolg van politieke verskille geskei. | | |

(5 x 2) (10)

1.3 Definieer die volgende begrippe in die konteks van godsdiens:

1.3.1 Ideologie (2)

1.3.2 Geloof (2)

1.3.3 Navaratri (2)

1.3.4 Ubuntu (2)

1.4 Verduidelik die volgende godsdienstige begrippe in TWEE sinne:

1.4.1 Inspirasie (4)

1.4.2 Vergelykbaarheid (4)

1.4.3 Karma (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Met verwysing na enige EEN van die volgende:

- Hindoeïsme
- Boeddhisme
- Judaïsme

2.1.1 Bespreek VYF redes vir interne verskille in die godsdiens. (10)

2.1.2 Brei uit oor VYF verskille in die leringe van die vertakkings van dieselfde godsdiens. (10)

2.1.3 Bespreek VYF verskille in bestuur. (10)

2.2

| 'n Sterk godsdienstige identiteit versterk die eenheid van 'n godsdiens. |
|---|

Stem jy saam? Kies TWEE godsdienste en bespreek EEN voorbeeld uit elkeen om jou antwoord te illustreer. (20)

**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Hieronder word vyf van die menseregte uit die Universele Verklaring van Menseregte (1948) gegee. Bespreek relevante leringe uit die verskillende godsdienste wat jy bestudeer het wat elk van die volgende menseregte beklemtoon.

3.1.1 Alle mense word vry gebore en het gelyke waardigheid en regte. (4)

3.1.2 Almal is geregtig op dieselfde regte, sonder onderskeiding soos ras, kleur, geslag, taal, en godsdienstige, politieke of ander opinie. (4)

3.1.3 Almal het die reg tot lewe, vryheid en veiligheid van persoon. (4)

3.1.4 Almal is gelyk voor die reg en is geregtig op gelyke beskerming deur die reg. (4)

3.1.5 Niemand sal onderwerp word aan arbitrêre inmenging in sy privaatheid, gesin, tuiste of korrespondensie nie, en ook nie aan aanvalle op sy eer en reputasie nie. (4)

3.2 Bespreek VYF ooreenkomste tussen Christendom en Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG). (10)

3.3 Bespreek VIER verskille tussen Hindoeïsme en Boeddhisme. (8)

3.4 Noem TWEE unieke eienskappe van godsdienstige lering in elk van die volgende:

3.4.1 Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG) (4)
3.4.2 Hindoeïsme (4)
3.4.3 Christendom (4)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Verduidelik enige EEN van die volgende sekulêre wêreldbeskouings met verwysing na hul beskouing van godsdiens:

- Ateïsme
- Agnostisisme
- Sekulêre humanisme
- Kommunisme (10)

4.2 Beïnvloed die media se opinie werklik mense met sterk godsdienstige oortuigings om teen hul godsdienstige leringe op te tree? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (8)

4.3 Watter positiewe rol kan die media en godsdienste speel om mense te ontmoedig om passiewe, sekulêre lewens te leef? (4)

4.4 Dink jy die media gee regverdige dekking van godsdienstige sake, beide internasionaal en plaaslik? Gee redes vir jou antwoord. (18)

4.5 Vir die Baha'i is daar slegs een 'boom' of godsdiens wat bestaan. Die godsdienste van die wêreld word nie as apart beskou nie, omdat hulle almal 'vrugte' van dieselfde boom is. Na jou mening, wat is die Baha'i se siening van sekulêre wêreldbeskouings? (10)
**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> **GODSDIENSTIGE KONFLIK?**
>
> Godsdienste word dikwels geblameer vir gewelddadige konflikte. 'n Deeglike ontleding van sogenaamde godsdienstige konflikte toon egter dat dit deur twee interafhanklike faktore veroorsaak word. Die eerste hiervan is fundamentalisme. Dit is wanneer 'n godsdienstige groep slegs sekere leringe van 'n godsdiens kies en daarop reageer, terwyl die breër leringe geïgnoreer word.
>
> Nog 'n bydraende faktor tot godsdienstige konflik is godsdienstige nasionalisme: as gevolg van swak regering gebruik godsdienstige organisasies politiek om 'n godsdiens (of godsdienstige sekte) te versterk en politieke beheer te verkry.
>
> [Aangepas uit: *Religious Nationalism and the Role of Collective Representation:* http//www.annualreviews.org]

Na aanleiding van die uittreksel hierbo, ontleed die konflik in EEN van die volgende:

- Soedan
- Palestina
- Noord-Ierland (20)

5.2 Godsdienste kan 'n betekenisvolle rol speel om vrede te bewerkstellig in konfliksituasies. Gee TWEE voorbeelde hiervan. Bespreek in elke geval kortliks die volgende:

- Die konflik
- Noem die organisasies wat betrokke is
- Gee 'n beskrywing van die werk wat die organisasies doen (20)

5.3 Kies enige EEN godsdiens en bespreek VYF faktore wat dit uniek (anders as ander) maak. (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou